



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

**Provincial Gazette
Extraordinary**

**Buitengewone
Provinsiale Koerant**

**Isongezelelo
kwiGazethi yePhondo**

8223

8223

8223

Monday, 23 March 2020

Maandag, 23 Maart 2020

uMvulo, 23 kweyoKwindla 2020

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Ibhaliswe ePosini njengePhephandaba

CONTENTS

INHOUD

IZIQUATHO

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

(*Ushicilelo olutsha lufumaneka kwiGumbi M21, kwiSakhiwo sePhondo seNdlu yoWiso Mthetho, 7 Wale Street, eKapa 8001.)

Provincial Notice

Provinsiale Kennisgewing

ISaziso sePhondo

The following draft guidelines are published for comment:

Die volgende konsepriglyne word vir kommentaar gepubliseer:

Esi sikhokelo siyidrafti silandelayo sipapashelwa ukuba uluntu luvakalise izimvo zalo:

- 26 Draft Guidelines on Gender Identity and Sexual Orientation in Public Schools of the Western Cape Education Department 2

- 26 Konsepriglyne oor Genderidentiteit en Seksuele Oriëntasie in Openbare Skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement11

- 26 ISikhokelo esiyidrafti esimalunga noKuzazi noKuzichaza ngokweSini, noKuzazi noKubanomdla woKwabelana ngeSondo neSini esithile kwiZikolo zikaRhulumente zeSebe leMfundo leNtshona Koloni20

Any person or organisation who wishes to comment on these draft guidelines is requested to submit the comments, in writing, before or on 11 May 2020,

Enige persoon of organisasie wat graag kommentaar oor hierdie konsepriglyne wil lewer, word versoek om die kommentaar skriftelik vóór of op 11 Mei 2020 voor te lê,

Nawuphi na umntu okanye umbutho onqwenela ukuvakalisa izimvo ngesi sikhokelo siyidrafti, uyacelwa ukuba afake izimvo zakhe ngencwadi ebhaliweyo, phambi okanye ngomhla we-11 Meyi 2020,

- (a) by posting the comments to:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Director
Western Cape Education Department
Private Bag X9114
Cape Town
8000; or
- (b) by delivering the comments to:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Director
Western Cape Education Department
18th Floor
Golden Acre Building
Adderley Street
Cape Town
8000; or
- (c) by emailing the comments to:
Lynn.Coleridge-Zils@westerncape.gov.za.

- (a) deur die kommentaar te pos aan:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Direkteur
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
Kaapstad
8000; of
- (b) deur die kommentaar af te lewer by:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Direkteur
Wes-Kaap Onderwysdepartement
18de Verdieping
Goue Akkergebou
Adderleystraat
Kaapstad
8000; of
- (c) deur die kommentaar per e-pos te stuur aan:
Lynn.Coleridge-Zils@westerncape.gov.za.

- (a) ngokuzithumela ngeposi kulo:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Director
Western Cape Education Department
Private Bag X9114
Cape Town
8000; okanye
- (b) ngokuzizisa ngesandla kulo:
Adv. Lynn Coleridge-Zils
Director
Western Cape Education Department
18th Floor
Golden Acre Building
Adderley Street
Cape Town
8000; okanye
- (c) ngokuzithumela nge-imeyili apha:
Lynn.Coleridge-Zils@westerncape.gov.za.

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for comment.

MR H.C. MALILA,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir kommentaar gepubliseer.

MNR H.C. MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika izimvo.

MNU H.C. MALILA,
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 26/2020

23 March 2020

**DRAFT GUIDELINES ON GENDER IDENTITY AND
SEXUAL ORIENTATION IN PUBLIC SCHOOLS OF THE
WESTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT**

Contents	Page
1. Definitions	2
2. Legislative framework	3
3. Purpose	3
4. Scope	3
5. Gender identity	3–4
6. Gender expression	4
7. Dress code and physical appearance	4
8. Participation in sports	4–5
9. Use of toilet and changing room facilities	5
10. School excursions and hostels	5
11. School functions and the matric dance	5
12. Single gender schools	5–6
13. Safe space	6
14. Curriculum inclusiveness	6
15. Training of schools by the Western Cape Education Department to raise awareness	6–7
16. Review	7

1. Definitions

In this guideline, any word or expression to which a meaning has been assigned, shall bear that meaning assigned to it hereunder, unless the context indicates otherwise—

“bisexual” means a person who is sexually attracted to both men and women;

“gender characteristics” mean the way in which a person expresses his or her social identity as a member of a particular sex by using style of dressing, the wearing of prostheses or other means;

“gender expression” means the way in which a person expresses his or her gender identity typically through his or her appearance, dress and behaviour;

“gender identity” means a person’s perception and internal sense of their gender, which may or may not correspond to the sex they were assigned at birth;

“gender reassignment” or **“gender affirming actions”** means a process which is undertaken for the purpose of reassigning a person’s sex by changing physiological or other sexual characteristics, and include any part of such a process, or steps taken by a lesbian, gay, bisexual, transgender, queer or questioning, intersex (LGBTQI+) person to affirm their gender identity, including social transition, gender affirming hormone treatment and gender affirming surgeries;

“hermaphrodite” or **“intersex”** means a person having both male and female sex organs;

“homophobia” means a fear or dislike of homosexual people;

“homosexual” means a lesbian or gay person who is sexually attracted to people of the same sex and not to people of the opposite sex;

“lesbian” means a woman who is sexually attracted to other women;

“LGBTQI+” means lesbian, gay, bisexual, transgender, queer or questioning, intersex, and includes other sexual identities such as pansexual, asexual and omnisexual;

“parent” means—

- (a) the biological or adoptive parent or legal guardian of a learner;
- (b) the person legally entitled to custody of a learner; or
- (c) the person who undertakes to fulfil the obligations of a person referred to in paragraphs (a) and (b) towards the learner’s education at school;

“queer” is an umbrella term for lesbian, gay, bisexual, transgender and intersex persons;

“sexual orientation” means a person’s sexual identity in relation to the gender to which they are attracted to, the fact of being heterosexual, homosexual, bisexual or any other sexual orientation;

“transgender” means a person whose sense of personal identity and gender does not correspond to their birth sex;

“transphobia” means a fear or dislike of transgender people.

2. Legislative framework

2.1 The legislative framework for this guideline is:

- (a) Alteration of Sex Description and Sex Status Act, 2003 (Act 49 of 2003);
- (b) Births and Deaths Registration Act, 1992 (Act 51 of 1992);
- (c) Children's Act, 2005 (Act 38 of 2005);
- (d) Constitution of the Republic of South Africa, 1996;
- (e) National Education Policy Act, 1996 (Act 27 of 1996);
- (f) National Health Act, 2003 (Act 61 of 2003);
- (g) Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000 (Act 4 of 2000);
- (h) Protection of Personal Information Act, 2013 (Act 4 of 2013);
- (i) South African Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996);
- (j) Western Cape Provincial School Education Act, 1997 (Act 12 of 1997).

3. Purpose

3.1 The purpose of this guideline is to—

- (a) create an educational environment that does not discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including gender, sex, sexual orientation, conscience, belief, culture and birth, among others;
- (b) create an educational environment that is free from stigma and discrimination for all learners in all public schools; and
- (c) promote gender identity and gender expression.

4. Scope

This guideline is applicable to all public schools.

5. Gender identity

5.1 When a learner discloses his or her gender identity and/or sexual orientation to the principal, educator or a fellow learner, the matter must be treated with great sensitivity and confidentiality.

5.1.1 It is encouraged that the learner be referred to a social worker, psychologist or any other organisation which deals with matters of this nature in order to facilitate counselling and assistance.

5.1.2 The principal may manage and coordinate this process.

5.1.3 In order to maintain confidentiality, the principal may report to the governing body that a learner is LGBTQI+, without necessarily divulging the learner's name or gender identity.

5.1.4 With the consent of the learner, the principal may convene a meeting with the learner and his or her parent(s) to—

- (a) gain an understanding of the perceptions and expectations of the learner and his or her parent(s) in dealing with the matter;
- (b) supply them with comprehensive information concerning all the appropriate guidance services available in the community and the services available at the school;
- (c) clearly state that parents may request or can apply for an exception to the school's code of conduct where reasonable or practicable;
- (d) take any further decisions, for example, about—
 - (i) whether the matter must be handled confidentially;
 - (ii) self-expression and conduct on the part of the learner;
 - (iii) allowing for freedom of participation, where reasonable and practicable, in the school's extracurricular activities and the use of other school facilities.

6. Gender expression

- 6.1 A LGBTQI+ learner has the right to choose the first name by which he or she wants to be known to educators, school staff and fellow learners, irrespective of his or her gender characteristics or assigned sex at birth.
- 6.2 The LGBTQI+ learner will maintain his or her sex description on the Central Education Management Information System (CEMIS) as it appears on his or her birth certificate or where he or she has altered his or her sex description on his or her birth register at the Department of Home Affairs.

7. Dress code and physical appearance

- 7.1 Schools are encouraged to accommodate the dress code preferences of LGBTQI+ learners in their respective codes of conduct and may introduce gender neutral uniforms. The same rules which are applicable to girls, may apply to boys and vice versa, where reasonable and practicable.
- 7.2 Schools are also encouraged to allow for deviations from the school's uniform policy on cultural, medical and gender diversity grounds. A letter of application signed by the parents may be submitted to the principal.
- 7.3 It is recommended that neatness and cleanliness be the underlying principles of the school's dress code and the onus be on parents and learners to ensure that they remain presentable at all times.
- 7.4 The exception contemplated in paragraph 7.1 does not mean that "anything goes".

8. Participation in sports

- 8.1 Learners of all sexual orientations and gender identities may be encouraged to participate in school sports, free from bullying, harassment and discrimination. LGBTQI+ learners can participate in any sports code of their choice. It is recommended that schools inform LGBTQI+ learners that when they progress to obtaining national or provincial colours, they will have to adhere to the rules and regulations applicable to the national and provincial sporting federations.

- 8.2 Ensure that all learners have the opportunity to be physically active and that they are able to express their sporting abilities and interests.

9. Use of toilet and changing room facilities

- 9.1 Having considered the safety measures and inherent risks, a school may allow a LGBTQI+ learner to use the toilets and changing room facilities which he or she feels most comfortable with, but it is recommended that the sensitivity of other learners also be taken into account.
- 9.2 A school may also make provision for a unisex toilet, if reasonably practicable, depending on their available financial resources and infrastructure.

10. School excursions and hostels

- 10.1 Careful consideration and preparation is needed where a LGBTQI+ learner is a resident in a school hostel and when a LGBTQI+ learner goes on a school excursion, to ensure that a LGBTQI+ learner is not excluded in any way.
- 10.2 It is recommended that sleeping arrangements be considered very carefully before the excursion takes place, and thorough risk assessments be carried out prior to the excursion so that reasonable adjustments can be made to allow the LGBTQI+ learner to participate.
- 10.3 Similarly, sleeping arrangements will have to be considered very carefully before placing a LGBTQI+ learner in a hostel, and while it may be best suited for the LGBTQI+ learner, it is recommended that the sensitivity of the other learners also be taken into account.

11. School functions and the matric dance

- 11.1 It is encouraged that learners be allowed to have dress code preferences of their choice.
- 11.2 Ensure that all learners feel free to bring a partner of their choice to the matric dance, regardless of sexual orientation and gender identity.

12. Single gender schools

- 12.1 The admission policy of a public school is determined by the governing body of such school.
- 12.2 The governing body of a single gender school may admit LGBTQI+ learners and may make provision for their enrolment in its admissions policy.
- 12.3 It is recommended that the school engage in consultation sessions with the parents and learners of the school community to ensure that the decision of the school to include the admission of LGBTQI+ learners reflects the wishes of the majority of the parents and learners.

12.4 It is recommended that schools be fair and objective in this instance and not be swayed by the subjective wishes of a particular group.

12.5 Schools may engage in suitable education campaigns with the parents and learners of the school community to ensure that the decision of the school to include the admission of LGBTQI+ learners is understood by the parents and learners.

13. Safe space

13.1 It is recommended that schools strive to create an environment where LGBTQI+ learners get affirmation that, whatever their sexual orientation and gender identity are, they are respected, valued and deemed part of the normal spectrum of sexual orientations and gender identities.

13.2 We recommend that schools support and acknowledge the establishment of social diversity associations where the celebration of diversity is embraced.

14. Curriculum inclusiveness

14.1 The school environment, curriculum and assemblies can all be used to explore issues of sex, gender, gender identity, homophobia and transphobia, and it is recommended that these topics be explored in subjects such as Life Orientation.

14.2 It is recommended that gender inclusion be integrated in the curriculum, by—

- (a) using lesson plans that will help learners to see, appreciate and understand one another as individuals;
- (b) using lesson plans that will help learners to identify gender stereotyping;
- (c) discussing and practicing ways in which learners can stop gender stereotyping and disparagement in school;
- (d) teaching learners ways to be an ally and to stand up for one another;
- (e) integrating gender topics into the curriculum through story problems, writing prompts, readings, art assignments or music.

14.3 It is important to provide learners with the knowledge, skills, attitudes and values about sexual orientation and gender diversity, and help them to have a clear understanding that sexual orientation and gender diversity are two completely different things. The accompanying social responsibilities in especially the learning area such as Life Orientation, cannot be overemphasised.

15. Training of schools by the Western Cape Education Department to raise awareness

15.1 The Western Cape Education Department (WCED) will provide training to education districts, principals, governing bodies, educators and learners on creating awareness about gender diversity as a key focus area to promote positive attitudes to gender diversity and to include LGBTQI+ learners without discriminating against them.

- 15.2 There will be ongoing professional development to build the skills of staff members to prevent, identify and respond to bullying, harassment and discrimination.
- 15.3 Schools can also enable parents and guardians to play an active role in the sexual education of their children by presenting parent involvement and educational support programmes.
- 15.4 It is important that the school leadership, i.e. the principal, school management team and the Representative Council of Learners, makes an effort to educate the school community about sexual orientation and gender identity rights.

16. Review

This guideline must be reviewed when the need arises or in the case of changed circumstances, such as pronouncements by legislation and/or regulations and budgetary constraints.

Note: *Mphela v Manamela and others* (2016), case no 1/2016, Seshego Magistrates Court, (Equality Court)

In a landmark judgment handed down in March 2017, the Equality Court for the District of Seshego in Limpopo Province, the South African Human Rights Commission instituted proceedings on behalf of a transgender secondary school learner. The case arose from allegations of humiliation and harassment based on the gender identity of the learner that created a hostile and intimidating environment at the school. The learner testified that he identified himself to be a girl, dressed accordingly and used the girls' toilet facilities. He did not complete matric and he further testified that he felt that the school system failed him in acknowledging his personal situation and providing a safe and comfortable environment. The Court held that the principal of the school and the Limpopo Provincial Department of Education were and still are tasked to create a safe, protective, stress-free environment for learners. They are tasked to look after the well-being of the learners and they failed.

The Western Cape Education Department has developed this guideline to sensitise all public schools and school communities to assist in creating an educational environment that does not discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including, gender, sex, sexual orientation, conscience, belief, culture and birth, among others.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 26/2020

23 Maart 2020

**KONSEPRIGLYNE OOR GENDERIDENTITEIT EN
SEKSUELE ORIËNTASIE IN OPENBARE SKOLE VAN DIE
WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**

Inhoud	Bladsy
1. Woordomsrywings	2
2. Wetgewende raamwerk	2–3
3. Doel	3
4. Omvang	3
5. Genderidentiteit	3–4
6. Uitdrukking van gender	4
7. Kleredragkode en fisieke voorkoms	4
8. Deelname aan sport	4
9. Gebruik van toilet en kleedkamergeriewe	5
10. Skooluitstappies en koshuise	5
11. Skoolfunksies en die matriekafskeid	5
12. Enkelgeslagskole	5–6
13. Veilige hawe	6
14. Kurrikuluminklusiwiteit	6
15. Opleiding van skole deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement om bewustheid te kweek	6–7
16. Oorsig	7

1. Woordomsrywings

In hierdie riglyn, het 'n woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“biseksueel” 'n persoon wat seksueel aangetrokke voel tot mans sowel as vrouens;

“genderieenskappe” die manier waarop 'n persoon sy of haar sosiale identiteit uitdruk as 'n lid van 'n spesifieke geslag deur die gebruik van kleredrag, die dra van prothese of ander middele;

“genderidentiteit” 'n persoon se siening van en interne gevoel oor hulle gender, wat mag of nie mag ooreenstem met die geslag wat by geboorte aan hulle toegeken is;

“geslagshertoewysing” of **“geslagsbevestigende optredes”** 'n proses wat aangegaan word met die doel om 'n persoon se geslag opnuut aan te wys deur fisiologiese of ander seksuele eienskappe te verander, en wat enige deel van sodanige proses insluit, of stappe gedoen deur 'n lesbiese, gay, biseksuele, transgender, queer of “questioning”, interseksuele (LGBTQI+) persoon om hulle genderidentiteit te bevestig, ingeslote sosiale oorgang, geslagsbevestigende hormoonbehandeling en geslagsbevestigende operasies;

“hermafrodiet” of **“interseksueel”** 'n persoon wat manlike sowel as vroulike seksuele organe het;

“homofobie” 'n vrees vir of afkeer van homoseksuele mense;

“homoseksueel” 'n lesbiër of gay persoon wat seksueel aangetrokke voel tot mense van dieselfde geslag en nie mense van die teenoorgestelde geslag nie;

“lesbiër” 'n vrou wat seksueel aangetrokke voel tot ander vrouens;

“LGBTQI+” lesbies, gay, biseksueel, transgender, queer of “questioning”, interseksueel en sluit ander seksuele identiteite soos panseksueel, aseksueel en omniseksueel in;

“ouer”—

(a) die biologiese of aanneemouer of wettige voog van 'n leerder;

(b) die persoon wat wetlik geregtig is op toesig van 'n leerder; of

(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon waarna in paragrafe (a) en (b) verwys word teenoor die leerder se onderwys by die skool na te kom;

“queer” 'n oorkoepelende benaming vir lesbiese, gay, biseksuele, transgender en interseksuele persone;

“seksuele oriëntasie” 'n persoon se seksuele identiteit met betrekking tot die gender waartoe hulle aangetrokke voel, die feit dat hulle heteroseksueel, homoseksueel, biseksueel of van enige ander seksuele oriëntasie is;

“transfobie” 'n vrees vir of afkeer van transgenderpersone;

“transgender” 'n persoon wie se siening van persoonlike identiteit en gender nie ooreenstem met hulle geslag by geboorte nie;

“uitdrukking van gender” die manier waarop 'n persoon sy of haar genderidentiteit kenmerkend deur sy of haar voorkoms, kleredrag of gedrag uitdruk.

2. Wetgewende raamwerk

2.1 Die wetgewende raamwerk vir hierdie riglyn is:

- (a) Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus, 2003 (Wet 49 van 2003);
- (b) Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet 51 van 1992);
- (c) Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005);

- (d) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (e) Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996);
- (f) Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Wet 61 van 2003);
- (g) Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000);
- (h) Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)
- (i) Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);
- (j) Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

3. Doel

3.1 Die doel van hierdie riglyn is om—

- (a) 'n opvoedkundige omgewing te skep wat nie direk of indirek teenoor enigiemand op een of meer gronde, ingeslote gender, geslag, seksuele oriëntasie, gewete, geloof, kultuur en geboorte, onder meer, diskrimineer nie;
- (b) 'n opvoedkundige omgewing wat vry van stigma en diskriminasie vir alle leerders in alle openbare skole is, te skep; en
- (c) genderidentiteit en uitdrukking van gender te bevorder.

4. Omvang

Hierdie riglyn is van toepassing op alle openbare skole.

5. Genderidentiteit

5.1 Wanneer 'n leerder sy of haar genderidentiteit en/of seksuele oriëntasie aan die prinsipaal, opvoeder of 'n medeleerder bekend maak, moet die aangeleentheid met groot sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word.

5.1.1 Dit word aanbeveel dat die leerder na 'n maatskaplike werker, sielkundige of enige ander organisasie wat aangeleenthede van hierdie aard hanteer, verwys word om berading en hulp te fasiliteer.

5.1.2 Die prinsipaal mag hierdie prosesse bestuur en koördineer.

5.1.3 Om vertroulikheid te handhaaf, mag die prinsipaal aan die beheerliggaam verslag doen dat 'n leerder LGBTQI+ is, sonder om noodwendig die leerder se naam of genderidentiteit bekend te maak.

5.1.4 Met die toestemming van die leerder mag die prinsipaal 'n vergadering met die leerder en sy of haar ouer(s) byeenroep om—

- (a) 'n begrip te vorm van die persepsies en verwagtinge van die leerder en sy of haar ouer(s) oor die hantering van die aangeleentheid;
- (b) hulle te voorsien van omvattende inligting oor alle toepaslike dienste wat leiding hieroor gee en wat in die gemeenskap beskikbaar is, en die dienste wat by die skool beskikbaar is;
- (c) duidelik te meld dat ouers 'n versoek mag rig of aansoek mag doen om 'n uitsondering te maak wat die skool se gedragskode betref, waar dit redelik of prakties uitvoerbaar is;

- (d) enige verdere besluite te neem oor, byvoorbeeld—
 - (i) of die aangeleentheid op vertroulike wyse hanteer moet word;
 - (ii) selfuiting en gedrag van die leerder;
 - (iii) die vergunning om vrylik deel te neem aan die skool se buitemuurse aktiwiteite en die gebruik van ander skoolgeriewe, waar dit redelik en prakties uitvoerbaar is.

6. Uitdrukking van gender

- 6.1 'n LGBTQI+-leerder het die reg om die voornaam waarmee hy bekend wil staan by opvoeders, skoolpersoneel en medeleerders te kies, ongeag sy of haar genereienskappe of toegewysde geslag by geboorte.
- 6.2 Die LGBTQI+-leerder sal sy of haar geslagsbeskrywing op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) behou soos dit op sy of haar geboortesertifikaat verskyn, of waar hy of sy, sy of haar geslagsbeskrywing op sy of haar geboorteregister by die Departement van Binnelandse Sake verander het.

7. Kleredragkode en fisieke voorkoms

- 7.1 Skole word aangemoedig om die kleredragvoorkeure van LGBTQI+-leerders in hulle onderskeie gedragkodes tegemoet te kom en mag genderneutrale skoolklere in gebruik neem. Dieselfde reëls vir dogters mag ook op seuns van toepassing wees, en omgekeerd, waar dit redelik en prakties uitvoerbaar is.
- 7.2 Skole word ook aangemoedig om afwykings van die skool se kleredragbeleid toe te laat op grond van kultuur, mediese en genderdiversiteit. 'n Aansoekbrief wat deur die ouers geteken is, mag by die prinsipaal ingedien word.
- 7.3 Daar word aanbeveel dat netheid en higiëne die onderliggende beginsels van die skool se kleredragkode is en die onus is op ouers en leerders om te verseker dat hulle te alle tye fatsoenlik voorkom.
- 7.4 Die uitsondering in paragraaf 7.1 beoog, beteken nie dat “alles geoorloof” word nie.

8. Deelname aan sport

- 8.1 Leerders van alle seksuele oriëntasies en genderidentiteite mag aangemoedig word om aan skoolsport deel te neem, sonder om afgeknou en geteister te word en sonder diskriminasie. LGBTQI+-leerders mag deelneem aan enige sportkode van hulle keuse. Daar word aanbeveel dat skole LGBTQI+-leerders inlig dat wanneer hulle vordering maak en nasionale of provinsiale kleure verwerf, hulle sal moet voldoen aan die reëls en regulasies wat van toepassing is op die nasionale en provinsiale sportfederasies.
- 8.2 Maak seker dat alle leerders die geleentheid het om fisiek aktief te wees en dat hulle hulle vermoëns en belangstellings in sport kan uitleef.

9. Gebruik van toilet en kleedkamergeriewe

- 9.1 Na oorweging van die veiligheidsmaatreëls en gepaardgaande risiko's mag 'n skool toelaat dat 'n LGBTQI+-leerder die toilette en kleedkamergeriewe waarmee hy of sy die gemaklikste voel, gebruik, maar daar word aanbeveel dat die ander leerders se gevoelens ook in ag geneem word.
- 9.2 'n Skool mag ook voorsiening maak vir 'n unisekstoilet, indien dit redelik en prakties uitvoerbaar is, afhange van hulle beskikbare finansiële hulpbronne en infrastruktuur.

10. Skooluitstappies en koshuise

- 10.1 Omsigtige oorweging en voorbereiding is nodig as 'n LGBTQI+-leerder 'n inwoner van 'n skoolkoshuis is en as 'n LGBTQI+-leerder op 'n skooluitstappie gaan, om te verseker dat 'n LGBTQI+-leerder in geen opsig uitgesluit word nie.
- 10.2 Daar word aanbeveel dat slaapreëlings baie versigtig oorweeg word voordat die uitstappie plaasvind en deeglike risiko-assesserings uitgevoer word vóór die uitstappie sodat redelike aanpassings gemaak kan word om die LGBTQI+-leerder toe te laat om deel te neem.
- 10.3 Op dieselfde wyse sal slaapreëlings baie versigtig oorweeg moet word voordat 'n LGBTQI+-leerder in 'n koshuis geplaas word, en alhoewel dit die beste aan die LGBTQI+-leerder se behoeftes mag voldoen, word daar aanbeveel dat die gevoelens van die ander leerders ook in ag geneem word.

11. Skoolfunksies en die matriekafskeid

- 11.1 Daar word aangemoedig dat leerders toegelaat word om hulle kleredrag volgens voorkeur te kies.
